Volkstem.
Oktober 21. 1931

Toe ek laas by boumeester Moerdyk was, het hy my weer iets nuuts laat sien, 'n model van 'n skool wat as proefneming volgens sy ontwerp gebou sal word te Pietersburg vir Engelse kinders. Byna al ons skole is so eners, dat ons hul kan herken op 'n afstand van 'n myl, maar mnr. Moerdyk se ontwerp is 'n radikale afwyking van die tiepe. Dit sal 'n gebou word met agt klaskamers, vir driehonderd kinders en het die vorm van 'n kruis. Elke arm van die kruis bevat twee klaskamers benewens 'n byvertrek. Die eienaardige van die ontwerp is dat waar die vier arms in die midde bymekaarkom, tussen hulle 'n ingeslote aghoekige ruimte gelaat is wat sal dien as opelug-saal. Die provinsie bou geen sale meer vir laerskole nie en mnr. Moerdyk het dus in die plek gestel 'n amfiteater of saal-sonder-dak, wat as vergaderplek kan dien. Daar sal die leerlinge soggens bymekaar kan kom of saans uitvoerings gee. Die stoele kan aangedra word en aan een kant is 'n verhoog onder dak, reg teenoor die hoofingang.

—:—

**Transvaal se eie bou-trant.**

Nog 'n effek wat mnr. Moerdyk bereik het is dat elke klaskamer s'oggends die son kry en in die namiddag geen son nie. Uit die ooste kan die son deur die vensters skyn; uit die weste is daar orals 'n stoep wat keer. Die blinde muur aan die end van elke arm van die kruis het die vorm van die hartbeeshuisie-géwel. Hierdie tiepiese géwel het mnr. Moerdyk gevolg; hy beskou dit as die boutrant wat Transvaal se eie genoem kan word. As mens die model bekyk lyk dit aantreklik, trouens die hele skool maak 'n goeie indruk. Ek is bly dat eindelik 'n skool gebou sal word wat nie dieselfde sal wees as al die ander nie; tegelyk sal hy mooier kan wees en wat meer is, mnr. Moerdyk verseker my dat 'n gewone skool van daardie grootte omstreeks £9,000 kos, terwyl syne opgetrek sal kan word vir iets minder as £6,000.

Brandwag